

## 4 Februarie Hooglied 2:1-17, (Teks: 2:15-17)

### *Pasop vir die klein jakkalsies*

Hier word gebruik gemaak van 'n wingerdliedjie wat waarskynlik vroeër deur die werkers in die wingerde gesing is. Dit word toegepas op die huweliksverhouding.

Die klein jakkalsies wat die wingerd verniel is 'n spreekwoord wat hier toegepas word op die klein dingetjies wat elke dag afbreuk doen aan ons huweliksverhoudinge. En stadig maar seker, so byna sonder dat 'n mens dit agterkom, word die liefdesband beskadig en verniel. 'n Harde woordjie hier en bitsige antwoord daar; so 'n bietjie ongeduld vandag en so 'n stukkie selfsugtigheid môre. En as jy jou oë uitvee het die 'jakkalsies' julle verhouding vreeslik verniel en weet jy nie meer hoe om dit reg te maak nie.

Die teks gee egter ook die antwoord: Eerstens moet julle net aan mekaar behoort. "My liefling is myne en ek is syne". Daar is nie plek vir 'n derde party nie!

Tweedens moet julle elke dag, heeldag die lewe vir mekaar soos 'n blomtuin laat wees. En dit geld ook as jy ouer word en al jare lank getroud is - "..tot die aandwind waai en die skaduwees lank word". Julle moet mekaar **altyd** liefhê, vir mekaar ruimte gee en mekaar gelukkig maak, soos 'n herder wat sy skape laat wei in blomryke velde.

Dan tel jy jou woorde, dan pas jy selfbeheersing toe, dan kyk jy eers hoe jy jou maat gelukkig kan maak, en sal jyself ook die vreugde daarvan pluk. So sal julle bou aan 'n heerlike verhouding waarin God geprys word en waarin julle saam gelukkig woon.

Sing: Psalm 128:1

Ds. M. van Helden (Verwoerdburg-Noord)